
SAHARA - AVONTUUR REEKS
NO. 1
HEKS VAN DIE SAHARA
Meiring Fouché

# HEKS VAN DIE SAHARA

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2022

# Heks van die Sahara

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe.
Hierdie boek is die derde uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

HEKS VAN DIE SAHARA
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-00-1

Uitgegee deur:
Skatkis Boeke - Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2022)
Aanlyn winkel: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

**OPSOMMING**

In hierdie eerste verhaal van die Sahara Avontuur reeks, maak u onder andere kennis met Teuns Stegmann. Hy is ’n Suid-Afrikaner wat by die Franse Vreemdelegioen in die Sahara woestyn aangesluit het, om die dood van sy broer daar te kom wreek.

Sy verhaal begin waar ’n manskap van die Vreemdelegioen ’n aanval deur Arabiere in die woestyn oorleef. Hy praat van ’n wit vrou wat blykbaar die aanvoerder van die aanval op die Franse patrollie was.

Kolonel Le Clerq van fort Dini Salam besluit om dadelik iets daaraan te doen. Hy stuur toe sy getroue kaptein D’Arlan saam met tweehonderd man, waaronder Teuns en sy makkers val, om die sogenaamde wit heks se mag in die Atlasgebergte te gaan breek, voor sy te veel Franse bloed op haar hande het.

Baie gou beland die patrollie egter in ernstige moeilikheid. Hulle word vasgekeer deur die Doelaks in die woestyn, sonder ’n druppel water om te drink. Asof dit nie erg genoeg is nie, moet hulle later in ’n radioaktiewe Uraanmyn gaan werk. Af en toe word van die manne daar gestuur na die Berg van die Arende toe.

Gaan Teuns se vindingrykheid saam met D’Arlan wat beskou word as die Houdini van die woestyn, hulle uit die penarie red?

# UITTREKSEL

Nog twee arende maak hul verskyning, duik laag oor die manne heen en een slaan met sy gevaarlike kloue ’n liederlike haal oor Jack Ritchie se nek. Hy skreeu kort en hard van die pyn. Die ander een slaan sy snawel diep in die wang van ’n ouerige Rus wat hard vloek. Hy wikkel sy skouers en probeer so sy bebloede gesig wegdraai van die berg arende se aanslag.

Hulle kom meer en meer, krassend, wiegend op hul groot suisende vlerke en elke keer wanneer hulle aanval, loop die bloed. Die manne gooi hul liggame agteroor en probeer na die gevaartes skop, maar dit vererger net hul woede.

Die manne beur en draai aan die boeie agter hul rûe, maar hulle gee gou op, want elke keer wanneer hulle dit doen, word hul polse net verder gesny deur die skerp kante van hierdie boeie.

“Ons gaan sterf, *capitaine*,” gil die ouerige Rus amper histeries en dan moet hy weer veg teen ’n skreeuende arend wat sy kloue op die stomme ou man se skouers en kop inlê.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. ’n Vrou te Perd

2. Gebreekte Vate

3. Die Dors

4. Die Aasvoëls

5. Dodelike Water

6. Die Lafaards

7. Karima Seëvier

8. Marteling

9. Die “Verraaier”

10. Straf van die Arende

11. Bloed in Doetra

# 1. HEKS VAN DIE SAHARA

## Hoofstuk 1
## ’N VROU TE PERD

Manskap Podolski, van die Franse Vreemdelegioen, draai sy rug na die geniepsige woestynwind wat van die ver Atlasgebergte aangewaai kom en hy tuur opnuut na die Ooste om te sien of daar nog nie ’n teken van die rooidag is nie. Hy wens hy was nou liewer in die slaapsaal in Dini Salam waar hy hom darem onder die wolkombers sou kon toegemaak het. Dini Salam is ’n vlieënes en ’n bakoond van ’n plek, waar die Sahara son jou ongenadig skroei, maar dit is nogtans beter as hierdie eensaamheid in die woestyn wat jou bedags met sy hitte wil vernietig, en wat jou snags weer laat bibber van die koue.

Podolski wonder wat hom besiel het om vir die Russe kwaad te word. As hy nie vir hulle kwaad geword het omdat hulle sy vaderland, Pole, beset het nie, sou hy nou nie hier op hierdie godverlate sandduin in die koue wind moes wag gestaan het nie. Hier op sy eensame brandwagpos maak hy egter ’n gebaar met sy hande, ’n gebaar van aanvaarding. Want wat sal dit baat om hom nou hieroor te staan en verknies? Hy is in die Franse Vreemdelegioen en dit is die einde van alles. Die Franse Vreemdelegioen moet die Sahara en sy inwoners bewaak.

“Vervloekste Doelaks,” sug Podolski hardop. “As hulle dit nie in hul koppe gekry het om karavane aan te val nie, sou ek nie nou hier moes gestaan het nie. Hulle moet sommer die hele kaboedel vrek skiet, dan sal daar ’n einde

aan hierdie bog wees," sê Podolski bitter.
Hy voel die geringe prikkeling langs sy rug af en hy swaai vinnig in die rondte, tuur noukeurig in die donker rond of hy nie dalk 'n sluipende vyand gewaar nie. Dit is egter nog te donker om goed te kan sien. Daarom trek hy met sy lang Lebel geweer, waaraan hy die bajonet geheg het, 'n sirkel om hom op die grond. Dan swaai hy weer die vuurwapen vinnig in die rondte om hom.
Want hierdie Doelaks is erger as katte, geruisloos, feitlik onsigbaar wanneer die lig nie sterk is nie, en heeltemal dodelik. Podolski dink aan daardie gruwelike nag aan die voorheuwels van die Atlasberge, toe die sluipende Doelaks al die brandwagte van 'n regiment van die Legioen keel afgesny het, voordat hulle eers geweet het wat gaande is.
Maar manskap Podolski gewaar niks. Daar is net die dun gesing van die wind wat deur die petieterige kameelbossies waai en deur die ou woestyngraspolle, wat hier en daar op die kruin van die duin staan.
As dit net wil dag word, hunker dit hier binne Podolski. As 'n mens net eers kan sien. Hy kan nie verstaan waarom die bevelvoerder in Dini Salam nog nie 'n ordentlike ekspedisie mag teen hierdie Doelaks uitgestuur het nie. Hulle moes lankal uitgeroei gewees het.
Maar die weë van die grootkoppe in die Legioen is heeltemal duister. Al wat hulle doen, is om elke keer 'n klein geleide van die Legioenmanskappe saam met die kameel karavane te stuur om hulle te beskerm. 'n Hele paar karavane, met geleides en al, is al deur hierdie

bloeddorstige Doelaks uitgeroei. Net verlede week nog.
Podolski se mymeringe word ineens afgebreek en hy word heeltemal koud daar waar hy staan, nog kouer as die aanraking van die voordag wind.
Kan dit ’n perd wees wat iewers gerunnik het?
Hy kan sweer hy het iets gehoor. Iets nie ver nie, miskien agter die volgende duin, wat nou soos ’n groot swart walvis uit die donker voor hom opgroei, want die dag skuiwe stadig agter die aarde uit.
Podolski haal die Lebel vinnig oor en hy doen dit stadig en geluidloos, soos hulle geleer is om dit te doen. Hy wonder meteens hoeveel ure hy al in die vreeslike son op die paradeterrein moes deurgebring het, net om te leer hoe om ’n Lebel geluidloos oor te haal.
Daar is net ’n baie geringe klikgeluid toe hy die slot oop en toe stoot. Hy staar dan met intense konsentrasie na die duin voor hom, na die donker kam daarvan. Dan draai hy weer stadig in die rondte en probeer die omgewing rondom hom bespied. Sy geoefende ore soek na die geringste geluide... Maar daar is net die suising van die wind en niks meer nie.
Dalk het hy hom maar verbeel dat hy iets gehoor het. Dalk is sy senuwees maar te gespanne.
As dit net wil dag word, helder dag, sodat ’n mens ’n vyand se oë kan sien!
Podolski het die sirkel voltooi en hy staar weer ooswaarts van waar die reddende lig van die dag moet kom.
En manskap Podolski, voorheen van die Poolse leër en tans gewone manskap in die Vreemdelegioen, verstyf

meteens asof hy ’n skoot deur die hart gekry het.
Hy is nie meer bewus van die wind wat sing nie. Hy voel nie meer die Lebel in sy koue hande nie. Hy weet nie eens dat hy meer asemhaal nie.
Want daar voor hom op die kam van die rooi duin, swart teen die eerste dun gloed van die dag, is ’n ruiter. Swart soos ’n standbeeld. ’n Beweginglose silhoeët, dreigend en roerloos.
Podolski sluk swaar en roer met sy tong oor sy droë lippe.
“Doelak,” fluister hy in die wind en hy stik amper aan die woord, so droog is sy keel.
Hy kyk weer vinnig om hom heen met ’n woedende konsentrasie. Hy verbeel hom dat elke kameelbossie en elke graspol ’n vyand geword het, met die gevreesde steekdolk en die ewe gevreesde kromsabel in hul hande.
Toe Podolski weer ooswaarts kyk, sien hy nog ander. Soos donker skimme het hulle langs die eerste ruiter op die kam verskyn.
En hulle kom nog steeds, die een na die ander, totdat hulle op die kruin ingeryg staan.
Die Poolse manskap wag nie langer nie. Hy spring om en hy lê oop terug na die kamp toe, waar die klompie Legioenmanne om die kameel karavaan kring getrek het...
Hy haas hom gebukkend na die klein tentjie hier aan die een kant van die kamp. Daar is dit volkome stil in die laertjie. Almal slaap nog en een of twee snork so dat Podolski hom verbeel die Doelaks daar op die duin hoor hulle ook. Hier en daar sug ’n kameel tevrede.
Podolski vlieg die tentjie binne en gaan ruk die man wat

op die kampbedjie lê en slaap, aan die skouers.
“*Sergeant*, *mon sergeant*,” sê Podolski hygend. “Doelaks, op vierhonderd tree, ooswaarts.”
Die jong sersant Lazarre vlieg die angstige Poolse manskap amper onderstebo soos hy uit die bed uit spring.
“Hoeveel?” vra hy oorhaastig terwyl hy sy rewolwer se gordel opgryp en dit haastig aangespe.
“Goed ’n veertig, daar kan meer wees. Ek het nie gewag nie,” sê Podolski.
“*Mon Dieu*!” sê Lazarre hardop, plak sy kepi op sy kop en vlieg by die tentjie uit.
“Maak die kêrels wakker,” beveel Lazarre vir Podolski, “maar moenie raas nie. Dalk het daardie spul heidene ons nog nie gewaar nie. Kan wees dat hulle by ons verby trek?” Maar terwyl hy hierdie woorde uitspreek, weet die jong sersant al dat hy ’n optimis is. Doelaks is van die beste spioene in die wêreld en dit sou bepaald ’n wonderwerk wees as hulle by ’n karavaan verby trek wat hier oop en bloot tussen twee duine lê.
Podolski spring onder die kêrels in en maak hulle wakker. Dit protesteer en kreun dat dit ’n naarheid is, maar hulle kom dadelik op die been en gryp hul Lebels. Lazarre self spring onder die Arabier smouse in en maak hulle stilletjies wakker. Kamele protesteer proestend en Lazarre voel of hy hul groot bekke met die kolf van sy rewolwer kan toe slaan.
Geluidloos word die kamp wakker en van die ander brandwagte kom nou ook aangehardloop.
“Maak kring!” gelas sersant Lazarre hees en nie te hard

nie. Nommer solank."

Kring maak is die enigste taktiek hier in die ope waar die klompie Legioenmanne deur die Arabiere in getalle, ver oortref gaan word.

Wanneer die manne kring getrek het, nommer hulle af. Dan word om die beurt deur die gelyke en ongelyke nommers gevuur sodat 'n ononderbroke vuur so op die aanvallers volgehou kan word. Op die manier kan party kêrels ook weer laai terwyl ander kêrels aanhou vuur.

Hierdie beproefde taktiek van die Vreemdelegioen ken hierdie klompie kêrels al so goed dat alles binne sekondes gereed is. Om die Arabiese smouse en hul pakdiere, staan die dun strepie manskappe op hul knieë, die Lebels oorgehaal in hul hande.

In die middel van die kring staan sersant Lazarre, sy swaar Luger-rewolwer gereed in sy regterhand, terwyl hy nog steeds aan die Arabiere bevele gee. Party stuur hy tussen die Legioenmanne in, waar hulle gaan stelling inneem met hul verouderde ou voorlaaiers. Andere beveel hy om die kamele aan mekaar vas te bind en hulle vas te hou.

Dit word vinnig lig, want hier in die Sahara kom die dag plotseling, net soos die nag. Daar is 'n helder rooi band in die Ooste en nou kan 'n mens darem al beter sien. Jy kan selfs kameelbossies teen die naaste duin uitken, waar hulle oomblikke gelede nog in die donker versluier was.

"Die ongelyke nommers sal eerste vuur," gelas sersant Lazarre. "Dit sal snelvuur wees en elke skoot moet tel. Ons is vyftien en hulle is seker meer as vyftig. Ek sal een skoot met die rewolwer vuur, dit sal die teken wees vir die

eerste sarsie. *Mes amis*, vanoggend moet julle skiet soos julle nog nooit in jul miserabele lewens geskiet het nie, anders sal die aasvoëls netnou hier tussen julle kom baljaar. Ek ken julle. Onthou, julle is manskappe van die Vreemdelegioen. Lank lewe Frankryk!”

Dit sing in Lazarre se kop. Hierdie is nie sy eerste skermutseling met die Doelaks nie. Hy ken hulle. Hy het al hul marteling gesien. Hy het al gesien hoe dat manne op die warm sand oopgespalk word, hoe dat hul naels verwyder word... hoe dat hul tonge gesplit word... hoe dat hul ooglede afgesny word...

“*Mes amis*, ons moet oorwin,” sê hy en dit is ’n snaakse, dringende bevel en sy stem klink onvas. “Op hierdie mooi oggend mag ons nie verloor nie, julle weet wat ons wag.”

“*Mon sergeant*,” sê Schmidt, ’n Duitser met ’n groot rooi gesig, en hy beduie met sy hand omhoog.

Lazarre kyk op en wat hy sien, vul hom met weersin en ook met vrees.

Hoog oor die duine draai die eerste aasvoëls, krassend en manhaftig, net asof hulle hulle reeds klaarmaak vir die uitslag van die geveg.

“Aasvoëls het goeie neuse,” sê Podolski, en die gelag gaan soos ’n rimpeling deur die klein kringetjie manskappe.

Lazarre sluit sy oë en hy is opnuut dankbaar oor die moed van hierdie woestynvegters, party van hulle uitvaagsels uit die strate van baie stede, party van hulle manne met ’n swaar leed in hul harte. Rampokkers, moordenaars en hulle wat onskuldig langs die weg geval het, maar almal

dapperder as dapper, almal byna heeltemal sonder vrees.

“Daardie vervloekste kaalnekke klop aan die verkeerde deur,” sê Lazarre moedig en hy kyk weer na die draaiende voëls op.

“Waar skiet ’n mens ’n Doelak, *mon sergeant*?” vra iemand.

“Tussen die oë, *mon ami*,” sê die sersant grootman en hy speel met die sneller van sy rewolwer.

“Stilte!” sê Lazarre dan meteens.

Bo die suising van die wind hoor hulle dit, dit is die dreuning van baie hoewe op sand.

“Hier kom die heidene,” sê Levy, ’n Jood wat uit Tel Aviv gevlug het.

“Gewere gereed!” spat die bevel uit Lazarre se mond.

Bo die ruising van die wind is daar die een harde blik van staal op staal, soos die slotte van die Lebels vinnig oop en toe geskuif word.

Die klap van geweerslotte huiwer nog op die wind toe die eerste Arabiere in die Ooste op die naaste duin verskyn. Hul wit mantels bol en fladder in die wind en hulle sit so stewig in die rûe van hul perde, soos net die trotse Doelaks kan.

“*Mon sergeant*,” fluister Peti, ’n maer Italianertjie skielik hier agter Lazarre. “Kyk daar!”

Die sersant swaai vinnig om en hy sien hoe dat ’n hele streep Arabiere so pas agter hulle op die kruin van ’n ander duin verskyn het.

’n Koue siddering gaan deur die Fransman. Hy voel daardie verbasende magteloosheid wat ’n mens voel

wanneer jy weet dat jy verlore is. In hierdie klein sekondes tussen hom en die dood probeer hy naarstigtelik ’n uitweg soek om te oorleef, maar hy kry niks nie. Hy staar net vreesbevange na die vae glinstering van die eerste lig op die kromsabels van die Arabiere, die dun staallemme wat trots omhoog gehou word.

Maar hy het nie veel tyd vir vrees nie. Daar is nog ’n paar vreeslike oomblikke waarin hy kan dapper wees.

“*Mes legionnaires*, gereed!” bulder Lazarre en haal vinnig sy rewolwer oor.

Die volgende oomblik kom meer as tweehonderd Arabiere donderend van die duine af gejaag op die klein kringetjie manne, wat hul vingers bewend aan die snellers het.

Lazarre wag tot hulle op honderd treë is. Toe praat sy groot Luger en die heel voorste Arabier van die groep wat van die weste af storm, val skreeuend uit die saal.

Oombliklik na Lazarre se eerste rewolwer skoot, praat die Lebels om hom. Elke skoot tel. Maar daar is net nie genoeg skote nie.

Die Doelaks is ’n vloedgolf wat hierdie kringetjie manne nie kan keer nie.

Met die heel eerste stormloop jaag hulle die klein kamp onder stof.

“Bajonette!” skreeu Lazarre en hy skiet drie Arabiere, die een na die ander uit die saal.

Die volgende oomblik is dit bajonet teen kromsabel. Dit is ’n bloedige worsteling van vegtende manne, runnikende perde, stoeiende kamele en babbelende